# Monsterpartytjie – Memo

**<u>Poësie – Graad 7 - Eerste Addisionele Taal:</u>**

Pas die korrrekte verklarings in kolom B by die mees geskikste terminologie in kolom A. Skryf die korrekte letter in Kolom C.

| | Kolom A | | Kolom B | C |
|---|---|---|---|---|
| 1 | rymskema | A | Wanneer twee aspekte met mekaar vergelyk word | D |
| 2 | intensiewe vorm | B | Wanneer lewendige eienskappe aan 'n dooie ding gegee word | E |
| 3 | personifikasie | C | Die herhaling van vokaal klanke | B |
| 4 | vergelyking | D | Die woorde aan die einde van die versreëls rym met mekaar | A |
| 5 | assonansie | E | Die mees oortreffende trap van iets | C |

Lees die gedig vinnig deur. Skryf die woorde wat jy nie verstaan nie in die kolom neer.

| Woorde uit die gedig | Eie woorde uit die gedig |
|---|---|
| geitjie | |
| grootpraat | |
| benerige | |
| papawer | |
| kadawer | |

<u>Lees die onderste gedig en beantwoord die vrae wat daarop volg.</u>

## Monsterpartytjie

1. Daar's 'n monsterpartytjie
afkappingsteken
2. op oom Piet se plaas,
3. elke gogga en geitjie
alliterasie
4. wil grootpraat en raas.

taalgebruik
5. 'n benerige geraamte
6. is heel uit sy humeur
taalgebruik
7. en 'n wit spookgedaante
8. loop dwarsdeur die deur.
metafoor

9. 'n Besete kadawer
taalgebruik
10. jaag 'n afbeen-kind,
11. eet 'n bloedrooi papawer
Intensiewe vorm
12. en foeps in die wind.

13. Daar's 'n haan met 'n houding
alliterasie
14. ag hemel behoed!

15. Hy pronk rond soos 'n skouding — vergelyking
16. en skiet wie hom groet. — personifikasie

17. Dis moord en dis oorlog — assonansie
18. in oom Piet se huis,
19. elke grysende gedrog — toon
20. lê in met die vuis.

21. Dis 'n aaklige storie
22. die toekoms lyk sleg — toon
23. by my goeie gedorie
24. bly liewer daar weg!

*Annemari Coetzer: Vlis met vlerke*

1. Wat dink jy bedoel die digter met die titel, Monsterpartytjie?
   A. Dit kan 'n baie groot partytjie wees, met baie gaste.
   B. Dit is gedrogte en goggas wat die partytjie bywoon.
2. Op wie se plaas is die partytjie?
   Oom Piet se plaas
3. Dui die rymskema van die eerste twee stanzas aan.
   ABAB
4. Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi.
   Skryf slegs die letter (A-D) en die vraagnommer (4) neer.
   *"eet 'n bloedrooi papawer" is 'n goeie voorbeeld van 'n …*
   A. metafoor.
   B. vergelyking.
   C. intensiewe vorm.
   D. ironie.
5. Wat beteken die woord 'besetene'?
   Mal/kop verloor/histeries
6. In die laaste versreëls word die digter baie (opgewonde/benoud).
7. *"Hy pronk rond soos 'n skouding"* is 'n goeie voorbeeld van 'n …
   Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die nommer en antwoord op jou bladsy neer.
   A. metafoor
   B. vergelyking
   C. ironie
   D. sarkasme

   7.1 Dink jy die woord '*skouding*' het 'n positiewe of negatiewe konnotasie?
   'n Ding het nie 'n identiteit nie, dit maak dit negatief.

8. Identifiseer die personifikasie in stanza 4.
   Hy pronk rond soos 'n skouding
   en skiet wie hom groet

9. Verduidelik die gebruik van assonansie in ‘n gedig.
   Help met interne rym. (halfrym)
   Skep atmosfeer / beklemtoon
   9.1 Haal ‘n voorbeeld van assonansie uit stanza 5 aan.
   Dis m**oo**rd en dis **oo**rlog
   in **oo**m Piet se huis
10. Verduidelik die gebruik van woorde soos ‘*dis moord en dis oorlog*’.
   Dit wys dat die partytjie woes was met gevegte (Eie redelike antwoord).